

"Besige bytjies" by Kleuterkasteel

Barney & Spot

By Kleuterkasteel word daar voortdurend geleer deur te lag en te speel en op 28 Februarie kry Kleuterkasteel besoekers en sluit die liefdes maand af met 'n optrede van Barney en Spot. Martin en Cariena Conradie, vanaf Johannesburg, bied dié opvoedkundige optrede vir die kinders aan. Hulle leer om maatjies nie seer te maak nie, Jesus te vertrou, nie bang te wees nie en ook om gehoorsaam te wees. Die wat dit bygewoon het, het dit vreeslik geniet en kan nie wag om weer vir Barney te sien nie.

Visvangkompetisie

Skrakkeldag het vir baie opwinding en koue vir die deelnemers van Kleuterkasteel se visvangkompetisie gesorg. Dit is gehou op 29 Februarie op Nicci Oosthuizen se plaas op die moedersdeelpad en groot pryse was op die spel asook gelukkige trekkings.

Met 'n suksesvolle dag agter die rug is die uitslae as volg:

Juniors: Grootste Karp en Onderbek: Willie Bornman; grootste Baber: MC Pieters.

Dames: Grootste Karp, Onderbek en Graskarp: Erina Rabie; grootste Baber: Justine Prinsloo.

Mans: Grootste Baber en grootste Karp: GP Rossouw; grootste Onderbek: Ryno Smuts; grootste Graskarp: Jacques Rood.

Gelukkige Trekkings: Juniors - Elinka van Dorsen en MC Pieters. Dames - Christa van Wyk en Linda Prinsloo. Mans - Lotie van Wyk en Nicky Welgemoed.



50% AFSLAG
OP JOU
2020 DAGBOEKE
(A4 & A5)

MY BACK SCHOOL

Alles Verwag is Moes Groot

Herold

OTIHO National

Noord-Vrystaat kampioenskappe



Primêre leiers van Hoërskool Heilbron het verlede Saterdag deelgeneem aan die Noord-Vrystaat atletiekbyeenkoms in Sasolburg. Shamóné Ribeiro behaal 'n eerste plek vir dogters o/9 in 80m en 60m, maar kan nie deelneem aan die Vrystaatskampioenskappe nie, aangesien deelname daar slegs vir o/10-leiers en ouer, is. Hou haar dop in die toekoms! Vyf ander atlete presteer verlede naweek: Aldi Strydom dogters o/11 - eerste in verspring en tweede in gewigstoot; Gerrit du Plooy seuns o/10 - derde in gewigstoot, Dihan Janse van Rensburg seuns o/12 - vyfde in spiesgooi; Lourens Roux seuns o/12 - derde in gewigstoot en tweede in diskus; Tiaan Britz seuns o/13 - eerste in diskus, eerste in gewigstoot en derde in spiesgooi. Hulle neem die 14de Maart deel aan die Vrystaatskampioenskappe in Bloemfontein, ons hou styf duimvas! Op die foto agter vl: Dihan Janse van Rensburg, Lourens Roux, Tiaan Britz en Gerrit du Plooy. Voor vl: Aldi Strydom en Shamóné Ribeiro.